Ges. 93: 1, 3.
Ges. 123: 1, 3.
Ges. 62: 9

# Die Xtus wat ons nie ken nie
(Joh. 14: 1-12)

Lbt: 19 Jan '41

Joh. 14: 9 – „Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus?"

Verlede Sond. gepraat oor die Kenté v God – die aard dhan, die doel dw & die Koms dw. Onder die hoof: Doel, veral beklemtoon dat dit beoog die verlossing v.d. mens. Iemand daarna vr. gevra: Ja, dis reg, ms hoe kan dd. doel ve~~rwesenlik~~ bereik word? Hoe kan ek as ~~Xtn~~ mens verlos word v. sonde en skuld om so gemeenskap te hê aan dd. Kenté? – Wesenlike probleem, veral vir mense wat Xtene wil word, ms huiwer / – teruggeskrik deur so baie dinge.

Daar is net een ant. op dd. vr: Voordat ons die Koning v. dd. Kenk nie leer ken, innig pers. intiem leer ken nie, kan ons ~~{illegible}~~ Sy Kenk nie ingaan nie. En om die Koning, God self, te leer ken, moet ons ons met Sy gesant op aarde, J.X., pers. kennis maak. My Vader

Die moeilikhd is egter dat so baie van ons meen dat ons die Here Jesus ken, terwyl ons in werklikheid baie min van Hom af weet. Ons stel ~~ver-~~~~beel~~ ons voor dat omdat ons Sy naam van jongsaf gehoor het, ~~Sy~~ die Sondagsk. & Katkisasieklas besoek het, die Bybel lees & Kerk-toe kom, ons J.X. taamlik goed ken!! En dis net daar waar ons die fout maak, dies. fout wat die diss.e ook gemaak het. En by hulle was dit nog erger, want hulle was 3 jaar saam met hom, Hom gehoor & gesien, met Hom gesels en verkeer het. En tog kom die Hf. na 3 jr se werk met die verwyt na Fil: Ek is so lankal by julle en het jy My nie geken nie Filippus?

Dit was nie lekker vir Fil. om dd. verwyt aan te hoor nie – en vir ons nog minder lekker, want ons het nog minder enige verskoning. En ek is bevrees dat dd. verwyt v/d nog meer geldig is as toe. Want as ons moet eerlik wees v/d, sal ons openlik

moet erken: Van J.X. weet ons baie min of niks.

I Verwyt v/d netso geldig:

Laat ons sien of dit werklik so is. Ons dink veral a.d. wêreld, kerk, die Xten: Ken d. wêreld v. v/d vir J.X.? Ken die Kerk Hom? Ken die Xtene Hom? Weet hulle wie Hy is en wat Hy wil? Weet hulle wat Hy dink van ons lewe van v/d en wat Hy van ons vra? Kom laat ons kyk:

① Wêreld: Ek glo nie ek is verkeerd as ek sê dat die wêreld na 1900 jaar Jesus nog net so min ken as die wêreld van sy dag! Ja, die wêreld weet dat Xtus daar was, en dat die Kerk van Hom praat. Maar daar steur hulle hul bloedweinig aan. Ons dink (a) a.d. Volkere v.d. wêreld, nie die heiden-volke nie, mr sgn. Xtelike, beskaafde volkere – wat weet hulle v. Xtus? Ja, soveel weet hulle dat hulle Sy naam gebruik as hulle Hom nodig het om een of ander onreg in die naam v.d. Xdom te doen ja – mr verder ken hulle Hom nie. Want as hulle Xtus geken het, dan kon die wêreld-ramp mos nie plaasgevind het nie! As hulle Hom geken het, sou daar soveel agterbakse gekonkel & gekuier deur volkereleiers gepleeg word – en dit in d. mooi naam van diplomasie. Die wêreld praat van homself as die X/dom – en waar is Xtus? Ons beroem ons op ons Xtel. beskawing – en waar is die Xtel^d daarin? Nee, seker die wêr. ken Hom nie. (b) Dink a.d. besigheidslewe v.d. wêreld – aan al die bedrieëry en uitbuiting, aan die grootskaalse misbruik wat gemaak word v. onkundige & onskuldige mense ~~om~~ deur ~~groot~~ baie knoeiery – en dit om geld! Sekerlik, die besigheidswêreld ken Xtus nie! (c) Dink aan die maatsk. wêreld van vandag – aan



die treurige toestande waaronder duisende & duisende mense moet lewe – in agterbuurtes, waar bloedgeld geëis word deur geldwolwe van mense wat skaars genoeg het om van te lewe! Sal ons met 'n gerust hart Xtus laat ingaan in so 'n buurte? Sekerlik, die mtsk. wêreld ken Xt. nie! So kan ons aangaan op ander gebiede: Xtus onbekend! – (Beeld in huis)

② Kerk: Mr ook die Kerk het skuld! Vir 2000 jaar het ons Xtus verkondig, Hom leer ken, Hom probeer uitlewe – en nog staan ons nie baie ver nie! Kerk ken Hom – mr ken Hom nie goed genoeg nie! Dink mr aan al d. probleme w/mee die Kerk worstel – en nog kan die kerk nie volle antw. gee nie, omdat hy Xtus nog nie goed ken nie! Daar is soveel honderde vrae wat ~~die~~ mense aan die Kerk vra – en in hoeveel gevalle kan die Kerk 'n afdoende & eenstemmige antw. gee? Br.: Wat dink Xtus van oorlog? Wat dink Hy van Kommunisme? Wat dink Xtus van geboortebeperking? – Op al dié en ander vrae kan die Kerk alleen by benadering antw. gee, om dat ons nog nie presies weet wat Xt. sou geantw. het nie!

③ Xten: Mr. nêrens is daar seker meer onkunde oor die persoon & lewe v. J.X. as onder Xtenbelyers! Hoe baie v. ons het die Sondags., Katkisasie deurloop, 4 Evangelies gelees, Kerk besoek, en tog kan ons nie ~~volledig vertel~~ 'n getroue beeld vorm van alles wat Xtus gedink & gesê & gedoen het nie! Gevolglik weet ons nie wat Hy in ons plek vandag sal doen nie! Ekself tot onlangs nog feitlik niks v. Jesus se lewe geweet nie! Een groot moeilikhd seker – Ev. nie aaneenlopende verhaal – ook nie eenv. volledige gesk. v Xtus se lewe in af. – Mr neem nie weg: Ons ken (✓) Hom nie!

(✓) Baie v ons nie vry te spreek v intell. luiheid:

II Noodsᵉ v. Xtus te Ken: En hoe kan ons iets doen vir Xt. as ons Hom nie ken nie? Hoe kan ons iemand volg, aanbid, liefhê as ons Hom nie ken nie? As ons dan nie weet wat Xtus gedoen het 1900 jr gelede nie, hoe kan ons weet wat Hy vandag sal doen?

Juis d/om is dit so noodsᵏ dat ons beter met Jesus X. sal kennis maak. Ons sien dit in ons gewone alledaagse lewe: hoeveel mense is daar nie wat ponde sal bestee om iets meer te leer ken van die lewe & gewoontes van hulle volksleiers nie! Elke stukkie nuus oor die draadloos, in die pers ag. die leiers vang hulle met gretigheid op — solank hulle net iets meer van die mense te wete kan kom! En hoeveel moeite doen ons om ons Lfleier beter te leer ken? Hoe baie van ons het nie ook eenmaal die besluit geneem om Jesus te volg en vir tyd volgehou mr. later weer laat staan — waarom? Eenv. omdat ons Xtus nie leer ken het nie! Ons het nie daaraan gedink dat ons bekering nog nr net die begin was van ons Xt. lewe: al wat ons daardeur gesê het was net: Here, ek wil u beter leer ken, mr ons het nie verder gegaan en gesoek hoe ons God beter kan leer ken in ons pers-, huisl- besigheidslewe nie!? Want hoe kan ons Jesus volg & gehoorsaam as ons nie weet wat Hy van ons verwag nie? // Is dit nie miskien d/om, geliefdes, dat ons gebedslewe nie wil vorder nie? Dat ons nie gelukkig is in onsself en nie gelukkig is met ons medemens nie? D/om dat mense



ons nie vertrou in ons besigheidstransaksies nie? Dat hulle geen respek het vir ons opinie nie, omdat daar niks is in ons lewe wat hulle aantrek nie?

D/om sê ons: ③ Noodsᵏ dat ons self Jesus sal leer ken, nie soos ons dink dat Hy is, mr. soos ~~ons~~ Hy werklik is in Sy wil, liefde ens — as ons iets aan ander wil gee. ③ Noodsᵉ dat die Kerk Hom sal leer ken nog meer as v/d sodat ons weer Xtus kan bring in al sy volheid, die Ev. kan verkondig as 'n Tweesnydende swaard wat niemand faat ~~spaar nie~~ ~~bykom nie~~ — ook nie die predikant ~~nie~~! ④ Noodsᵏ dat die wêreld Xtus sal leer ken, anders kan daar geen rus en vrede, geen vooruitgang wees nie. Al ons verdrae, al ons konferensies, al die gepraat & gedoen sal ons niks verder bring voordat Xtus nie Sy plek inneem in die vergadersale van volkere nie, voordat ons nie vra: Sal Xtus ook hd. verdrag kan onderteken? ~~Sal~~

III Wyse w/op kennis ingesamel kan word:

Mr. nou kom die kenvr.: Hoe kan ons Jesus leer ken? ~~of liewe~~ En as ons reeds kennis gemaak het — hoe kan ek Hom nog beter leer ken?

Daar is baie mense wat meen dat dit baie gou & baie maklik gaan om Jesus te leer ken — die gevolg is dat hulle Hom nooit in werklikheid ken & sien soos Hy is nie. U self weet dat dit nie saak is van een dag om iemand anders te leer ken nie — d/om spr: Ons sal sout met iemand opeet

Ons wil u nie verkeerde indruk gee nie – dis nie 'n ~~maklike~~ (damar og 'n) ding om Jesus te ken soos Hy werklik is nie: dit gaan soms gepaard met baie worsteling & stryd, soms ook met trane & pyn – maar as ons Hom eenmaal leer ken het, watter vreugde & geluk bring Hy nie in ons lewens!
Hoe?

(1) Woord: Die geskrewe Wd, Sy lewe soos aangeteken in die vier Ev. Hoeveel van ons het al ernstige studie van Sy lewe probeer maak? Erken dit gaan nie maklik nie mr. tog hulpmiddels: (i) Werke oor Sy lewe wat ons nuwe lig op Xtus se lewe gooi, Hom in heeltemal ander lig laat sien as vroeër aan ons geword was! Gevaar van Ev. lees sonder om te dink! (ii) Dagboeke wat ons indirek meer van Hom vertel (iii) Die gesproke Wd – verkondiging v. Sy lewe & werk, Sy invloed op ons lewe & tyd! Jeug

(2) Gees v God: Mr. lees & oordink & aanhoor nie genoeg nie: ons moet bereid wees om die Gees v God in ons hart te laat werk en aan ons dinge te openbaar wat ons vantevore nog nie gesien of verstaan het nie. Groot ding: – gewillig wees } Dan spreek God.
– genoeg tyd gee } Doen ons dit?
Doen ons dit? ~~Sta~~ Het die môre stiltyd vir baie van ons nie sy betekenis verloor nie? Hom ons dit nie mr. as blote gewoonte nie? ~~Spreek~~ Praat God nog met ons in die stiltyd?



(3) Gebed: Ons gesels met die Here onse Vader – wanneer ons Hom vertel alles wat in ons omgaan. Mr. ons kan nie met iemand kuier as ons Xtus nie ken nie – dis rein op studie van Woord – dan kry gebed sy betekenis – het geen nut om gesprek te voer met onbekende nie.

(4) Vriende wat Xtus ken: Ook daar leer ons Xtus ken – deur vriende wat Jesus reeds ontmoet het. Hulle hele lewe, hulle karakter, hulle optrede, weerspieël in mindere of meerdere mate die invloed wat J.X. reeds op hulle uitgeoefen het. Dan ook dat die invloed wat van hulle uitgaan so 'n gesonde is, daarom dat jy wens om hulle ook beter te leer ken en meer van hulle te leer!

Het ons sulke vriende? Is ons vriendskap vir ander dit werd? Dat hulle in ons lewe, in ons kar. Hoor hulle, Jesus uitleef?

– Kan ons nou nog sê dat ons nie weet hoe om J. te leer ken nie? As ons dit sê is dit nie mr. net omdat ons nie Hom wil ontmoet nie?

IV Wat die kennis lei: Ons sluit. As Jesus ons eenmaal ontmoet het, laat Hy ons nie los nie. Ander kennismakings sal ons vergeet. hd. een kan ons nie vergeet nie! Deur die kennismaking gebeur daar een van 2 dinge:

Of Jesus word jou vriend of jy word Sy vyand
~~Onveranderd~~ Keuse: As ~~jy~~ ~~nie~~ kies ~~ons~~
Langsaam maar seker kom ons ander Sy invl.
werk Sy lewe & karakter op ons in & word
ons so nuwe mense. Paulus: ers die lewensverandering
dan die lewensgraad. Nie in een dag volmaak
nie. met loop van tyd weet jy: Ek het Jesus
leer ken. Hy het vir my 'n pers. vriend geword.
– As jou eie lewe verander is > ander se lewe
verander > lewe v Kerk verander > lewe v.d. wêreld

Vriende, Is daar 'n beter opl. vir al ons moeilk
as om ~~Jesus as~~ so 'n vriend te hê na wie ons
kan gaan altyd? Om vir ons antw. te gee?
Mr. glo ons dit? Glo ons dat J.X. met ons
wil gaan in ons werk, ons spel?
Ken ons Jesus so intiem & persoonlik? En
as ons dit nie doen nie, verlang ons
daarna om Xt. as vriend te hê? Of sal
Jesus ook moet sê vir my eendag: Joh 14:9
Hoe meer ek Xt. leer ken in Sy lewe
Sy verh. met ander mense, sy diss. ens.
hoe meer besef ek:

Daar is geen groter ding in die
wêreld as om Jesus te hê as my pers.
vriend: so leer ek Hom ken as my pers Verl.
leer ek Hom ken in Sy eindelose liefde,
Sy blanke opregtheid, Sy ewige trou!

Amen.